Geliefde Lourensrivierder

Die afgelope week het Radio Tygerberg die tema “Genade op Genade” gebruik en mense het ingebel om van God se genade te getuig. Dit het my net só bemoedig en ons fokusteks is toe nou mooitjies die bevestiging van elke getuienis wat ek sovêr gehoor het♫♫
Ek deel graag iets oor genade wat ons Raphagroep se Vroue Maandagaand met mekaar gedeel het:

“GENADE is God se liefde aan ons geopenbaar sonder dat ons dit verdien. Dit is ‘n kritiese deel van ons bestaan. Dit is die enigste rede hoekom dit moontlik is vir ons om elke oggend ons oë oop te maak. Genade is ‘n liefde wat aanhou gee, ten spyte van elkeen van ons se verlede. God se genade is vir ons elkeen genoeg, ons moet dit net besef. Ons kort niks meer as sy genade nie. Deur Sy genade kan ons deur alles kom, ons moet net glo en vertrou. Genade omvou ons van alle kante.”

“GENADE vir my beteken, dit maak nie saak wie jy is, waar jy vandaan kom, wat jou verlede of omstandighede is nie - God se genade is vir elkeen bedoel. Genade is vir my ‘n geskenk van God wat nie gekoop kan word nie... ook nie verdien nie. Ons moet elke dag leef vanuit God se Genade, sonder oordeel en met onvoorwaardelike liefde.”

Dít is genade in ’n neutedop: Daar is absoluut niks wat jy kan doen wat sal maak dat God jou liewer sal hê nie; ewe-eens is daar ook geen sonde erg genoeg wat jy kan pleeg wat kan veroorsaak dat Hy jou minder lief sal hê nie. God se liefde vir jou het reeds ’n versadigingspunt bereik. Hy het jou alreeds so lief soos wat ’n oneindige God kán liefhê.

Wanneer ons die Bybel bestudeer, staan ons verstom oor dié mense wat God uitsonder om lief te hê. Daar is Jakob wat almal om hom bedrieg het, koning Dawid, beide ’n egbreker én ’n moordenaar, wat God ’n “man na sy hart” noem en Paulus wat Christene met groot passie vervolg en in die tronk laat gooi het.

Hele skrywe oor “genade in ‘n neutedop” by hierdie skakel:
https://maroelamedia.co.za/goeiegoed/stiltetyd/n-definisie-van-genade/

NUUSKRUMMELS: 1 November 2018

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:

DINAMIET KIEDZ: SONDAG 4 NOVEMBER GAAN ONS WEER UITREIK NA HUIS JAN SWART♫♫ Ons stap weer 09h00 vanaf die Kerk.

LOURENSRIVIER FEESMARK

Het jy al kom kyk na al die mooi, nuwe handgemaakte geskenke by ons mark???

Het jy al ons puik Feeskafee se Pannekoek of yummie Lamskerrie kom proe??

Kom loer gerus in! Jy sal nie teleurgestel word nie♫
H/V Broadway & Da Game; 26 Okt – 11 Nov
09h00 – 17h00 (Saterdae tot 17h00)

KERKNUUS UIT DIE OMGEWING:

Jong volwassenes wat skool voltooi het en begerig is om ‘n jaar van betekenisvolle bediening in diens van ons Here Jesus Christus te doen, word genooi om aan te sluit by...

HELDERBERG HOPE-POWERTEAM 2019

‘n Inisiatief van venootskap tussen:

Ons bied jou ....

1. Toepaslike toerusting wat jou bemagtig vir opwindende skole- en gemeenskapsbediening in Helderberg, met internasionale akkreditasie.
2. Relevante groeikursusse wat jou persoonlike lewensperspektief en geestelike groei sal stimuleer.
3. Internasionale bedieningsertifikaat geakkrediteer deur TEAM IMPACT CHRISTIAN UNIVERSITY, BATON ROUGE, LOUISIANA USA.
4. Uitreike lokaal en in die buiteland.
5. Genoeg vrye tyd in middae en aande om eie inkomste te verdien asook om borgskappe te bekom vir jou eie uitgawes deur EE SA strukture.
6. Inskrywing: Skryf sommer dadelik in om teleurstelling te voorkom. **Sperdatum: 7 Januarie 2019**. Epos vir vorms: jxkids@gmail.com of skakel Natasha @ 082 872 6358 vir inligting. Hierna kontak ons jou vir ‘n ontmoeting.

Ons verneem graag van jou.
HELDERBERG HOPE-POWERTEAM 2019

NUUS UIT DIE GEMEENSKAP:

TREE OF LIGHTS 2018

The Christmas Season is a time of joy – and also a special time for remembering. Helderberg Hospice invites you to celebrate your memories and buy a symbolic light for R50 each in remembrance of loved ones close to your heart but no longer with you. The Tree of Lights in the Helderberg Hospice garden, 21 Old Stellenbosch road, Somerset West, will sparkle with you love and memories from 1 December till the end of the year. A quiet time of remembering will be held in our garden before the lights are lit. Details of the time of remembrance will be sent to those who have returned their forms. Forms can be obtained by emailing celestine@helderberghospice.org.za or from Helderberg Hospice, 21 Old Stellenbosch Road, or Helderberg Hospice Shops in Somerset West and Strand. For any further information or questions, please do not hesitate to contact Cheryl or Celestine on 021 852 4608.

Celéstine Van der Merwe (Fundraising and Events Assistant)
076 062 5855 or 021-8524608 or celestine@helderberghospice.org.za
Website : www.helderberghospice.org.za

KENNISGEWING:

WOONSTEL TE HUUR IN GREENWAYS (Langtermyn)
Woonstel by privaat huis
Gemeubileerd; Twee slaapkamers; Twee badkamers; Afdak parkering; Privaat ingang; Sekuriteitsoord; Krag en water ingesluit

Alet Brink
082 416 6119

KNIEWERK

- Ons leraars, verskillende bedienings en Gemeente
- Matrieks, vir die eindeksamen
- Wouter Burger vir spoedige herstel
- Donald van Rensburg in Spescare
- Ons innige meegevoel met Netta Oosthuizen en familie met die heengaan van haar mamma.

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK SONDAG, 4 NOVEMBER SE BOODSKAP: HEB 9:11-14 (24STE WEEK IN KONINKRYKSTYD – DS LEOPOLD)

Hoe kan ons ooit ’n lewe verkry wat sonder skuld en sonde is? Is dit moontlik? Kry ons dit deur sekere godsdienstige reëls te hou, of wette, of rituele te hou – nee, dit maak ons slawe van daardie wette en reëls en rituele. Nee, daar is ’n beter weg – die weg wat Hebr. 9 ons leer.
So baie mense probeer deur “dinge” wat hulle doen – goeie dade, offerandes, geld, verlossing kry. Die dinge maak dat jy goed lyk aan die buitekant, maar dis nie effektief om jou “binnekant” te reinig nie. Vs. 14 praat van hierdie dinge as “dade wat tot die dood lei”. Dit maak nie saak hoeveel van hierdie dade jy doen nie, dit sal jou nooit innerlik vry maak nie. Vs. 14 sê dat Christus se bevryding ons “gewete” bevry – dus innerlik.
Hierdie redding / verlossing is alles net GENADE. As sondige mens verdien ons niks van God se goedheid en sy liefde nie. Ons verdien slegs die ewige dood. Dit is juis as gevolg van God se genade, wat Hy aan ons deur Jesus Christus bewys, dat ons verlos word en die ewigheid saam met Hom kan deurbring.
In Eks. 34: 6 verklaar die Here aan Moses: “Ek, die Here, is die barmhartige en genadige God, lankmoedig, vol liefde en trou.” Genade is dus by uitnemendheid ’n eienskap van God.

In die NT word God se genade in Jesus Christus gesien.
In Joh. 1: 14 lees ons “Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy, as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid.” Joh. 1: 16 – 17: “Uit sy oorvloed het ons almal genade op genade ontvang. God het die wet deur Moses gegee, die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom.” Die hoogtepunt van God se genade wys Hy daarin dat Hy in Jesus Christus die mens met homself versoen het deur die kruisdood van Christus.
As mens dink ons dat ons uit verdienste verlossing moet kry (Mat. 20: 11), maar God se hart gaan oor genade wat Hy aan ons skenk (Mat. 20: 13 – 15). In onsself het ons niks en is ons op pad na die dood, maar God het ons verlossing in sy hand, Hy gee dit as ’n geskenk vir ons deurdat Hy sy Seun offer in ons plek – dit is genade.

In Engels word genade as volg beskryf:
GRACE
G – God’s
R – Riches
A – At
C – Christ’s
E – Expense

~ Ds Willem Botes~

Ons DANS saam met die Gospelgroep Duis:Lig oor hierdie genade (Kliek op skakel):
https://www.youtube.com/watch?v=ggKXDG6_oMs&list=PLLWRqOSx47pFNY437OCME1gac0WWxrC-w

OORGEE, OMGEE, AANGEE
Jackie@Lourensrivier